Viering van Woorde Open Wêrelde (WOW) se tiende bestaansjaar, 26 November 2013

**Boodskap van gelukwense deur prof H Russel Botman,**
**rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch**

[Sien video by: http://bit.ly/1gh2tgI]

Aan almal wat by Woorde Open Wêrelde (WOW) betrokke is, baie geluk! Tien jaar is 'n groot mylpaal. En laat ek sommer dadelik byvoeg, julle het die lekkerste naam ooit… WOW!

Kyk, mens kan nie anders as om beïndruk te wees met hierdie taalbemagtigingsinisiatief nie. Julle bereik soveel mense – veral jongmense – op soveel plekke, met soveel verskillende aksies… dis fantasties!

En julle doen presies wat julle sê: julle maak vir mense nuwe wêrelde oop… met woorde.

Ek sê altyd, talent is eweredig versprei in die samelewing, maar nie geleenthede nie. Wat die WOW-program doen, is om meer kinders die kans te gee om met hul talente te woeker.

Of jy 'n aanleg vir tale het, of vir wiskunde of musiek of motors, as jy êrens in die lewe wil kom, gaan moet helder dink en raakvat en jouself goed uitdruk. Daarvoor het jy woorde nodig, en jy gaan hulle behendig moet gebruik.

Dít is waar WOW inpas. Dis 'n baie eenvoudige idee, maar een met groot impak! Dit sien mens aan die talle suksesverhale van jongmense wat deur julle geleenthede gekry het, en toe op universiteit en in die beroepswêreld uitgeblink het.

Die werk wat julle doen, skep hoop. Julle bemagtig jongmense om die toekoms vir hulself toe te eien. Daarvan getuig jul werwingsaksies, en jul beursprogram.

Dit is dan ook hoekom WOW deel uitmaak van die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek, waarmee ons die groot uitdagings in ons samelewing takel – in ons navorsing, in ons leer en onderrig, en in ons gemeenskapsinteraksie.

Hierdie Universiteit staan vir uitnemendheid én relevansie, en WOW help ons hierdie doelwitte uitleef.

Die Universiteit se Visie 2030 is om denkleiers vir die toekoms op te lei. Danksy Woorde Open Wêrelde is dié taak reeds half gewonne.

Dankie aan almal by die Universiteit wat WOW institusioneel steun, veral die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, die Departement Afrikaans en Nederlands, en natuurlik die US Woordfees.

Baie dankie ook aan al die borge en skenkers en vriende en vennote wat WOW se werksaamhede moontlik maak. Ons sou dit nie sonder julle kon gedoen het nie.

Aan die WOW-span, weereens baie geluk, en sterkte vir die volgende 10 jaar… en nog veel meer. Julle maak inderdaad van letterkunde "LEKKERkunde"!